

Openbaring



Bybelstudie 2: Hoofstuk 1

1. Formuleer 'n boodskap vir die boek aan die hand van Openbaring

1:4-7:



Troos vir uitverkorene

Johannes, aan die sewe gemeentes in Asië:
Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is; en van Jesus Christus, die betroubare getuie, die Eersgeborene uit die dood en die heerser oor die konings van die aarde. Aan Hom wat ons liefhet, en ons deur sy bloed van ons sondes verlos het, wat ons 'n koninkryk gemaak het, priesters vir God, sy Vader – aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig. Amen.

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, selfs hulle wat Hom deurboor het;
en al die volke op die aarde sal oor Hom rou. Ja, amen!



Verdoeming vir ongeloof

2. Is verse 12 - 16 iets wat Johannes werklik gesien het? Motiveer.

Vers 10: Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer en ek het agter my, so hard soos die geluid van 'n trompet, 'n stem hoor sê:

Vers 11: “Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe gemeentes: Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea.”

3: In die sewe briewe aan die sewe gemeentes is daar telkens 'n verwysing na 1:12 - 20. Skryf die ooreenstemmende woorde neer en probeer die betekenis van elk vasstel.

Efese

1:20: Dit is die misterie van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het ...

2:1 - "Dit sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou....

Regterhand: regering.
7 Sterre: gemeentes. 7 = volle getal
Die kerke staan onder die regering van Jesus.

3: In die sewe briewe aan die sewe gemeentes is daar telkens 'n verwysing na 1:12 - 20. Skryf die ooreenstemmende woorde neer en probeer die betekenis van elk vasstel.

Smirna

1:17, 18: Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende. Ek was dood, maar kyk, Ek leef vir ewig en ewig...

2:8 - "Dit sê die Eerste en die Laaste, wat dood was, maar lewend geword het,

Eerste en laaste: Uit Hom en tot Hom → oorsprong en einddoel.
Dood en lewe: Deur Jesus se dood en opstanding het Hy die ewige lewe verwerf vir die uitverkorenes. Die ewige lewe van die uitverlorenes kom van Jesus en fokus na Jesus toe.

3: In die sewe briewe aan die sewe gemeentes is daar telkens 'n verwysing na 1:12 - 20. Skryf die ooreenstemmende woorde neer en probeer die betekenis van elk vasstel.

Pergamum

1:16: ... uit sy mond het daar 'n skerp swaard met twee snykante gekom,

2:12 - “Dit sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het,

Skerp swaard: Tekens van die aanval en verdediging van die lewe.

Twee snykante: Sny reg en sny weg.

Prediking: God sê. Die reaksie op Sy woord is reg of weg – oop en toe hemel.

3: In die sewe briewe aan die sewe gemeentes is daar telkens 'n verwysing na 1:12 - 20. Skryf die ooreenstemmende woorde neer en probeer die betekenis van elk vasstel.

Tiatira

1:14, 15: sy oë soos 'n vlammeende vuur. Sy voete was net soos gloeiende koper ...

2:18 - Dit sê die Seun van God, wat oë het soos 'n vlammeende vuur, en voete soos gloeiende koper, ...

Oë van vuur: Jesus sien alles. Vuur vernietig die kwade om die goeie te reinig.
Voete van gloeiende koper: Koper bestand teen verganklikheid in vyandige omstandighede. Voete = wandel = leefwyse. Standvastig, maar vertrap onreg.

3: In die sewe briewe aan die sewe gemeentes is daar telkens 'n verwysing na 1:12 - 20. Skryf die ooreenstemmende woorde neer en probeer die betekenis van elk vasstel.

Sardis

1:16: In sy regterhand het hy sewe sterre gehou...

3:1 - "Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het,....

7 Sterre: gemeentes. 7 = volle getal

7 Geeste: Volle werk van die Heilige Gees.

Die gemeentes glo omdat die Heilige Gees hulle oortuig van die verlossing in Jesus.

3: In die sewe briewe aan die sewe gemeentes is daar telkens 'n verwysing na 1:12 - 20. Skryf die ooreenstemmende woorde neer en probeer die betekenis van elk vasstel.

Filadelfia

1:18: ook hou Ek die sleutels van die dood, en van Hades...

3:7 - Dit sê die Heilige, die Ware, wat die sleutel van Dawid hou, ...

Dood / Hades: ewige verdoemenis
Sleutels: Die een met die sleutels in die hand bepaal wat oop- en toegsluit word. Die hemel is oopgesluit vir die uitverkorenes en toegesluit vir ongelowiges.

Hades: Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal. Dit is die "Doderyk" of "onderwêreld" genoem.

3: In die sewe briewe aan die sewe gemeentes is daar telkens 'n verwysing na 1:12 - 20. Skryf die ooreenstemmende woorde neer en probeer die betekenis van elk vasstel.

Laodisea

1:17: Ek is die Eerste en die Laaste ...

3:14: Dit sê die Amen, die getroue en ware getuie die begin van God se skepping

Amen: Hebreeus: Amen = waarheid. Jesaja 65:16 koppel waarheid aan God. Daarom: Getroue en ware getuie: Wat sê is Skepper-God se Woord. Die gemeentes kan luister na die ware God – geen onreg / fout.

4: Bepaal hoe hierdie 7 begrippe aan die Ou Testament ontleen is.

Swaard

Jesaja 49:2 - En Hy het my mond gemaak soos 'n skerp swaard,

Seun van die Mens

Daniel 7:13 (33/53) en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens,

Kandelaar

Eksodus 25:31-40

Eerste & Laaste

Jesaja 44:6: So sê die HERE, die Koning van Israel, die Een wat hom loskoop, die HERE, Heerser oor alle magte: "Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste. Buiten My is daar geen God nie.

Oë soos vuurvlam

Daniël 10:6: Sy liggaam was soos chrisoliet en sy gesig het gelyk soos weerlig, terwyl sy oë soos fakkels van vuur was, en sy arms en voete soos gepoleerde brons geskitter het.

Voete van koper

Daniël 10:6: Sy liggaam was soos chrisoliet en sy gesig het gelyk soos weerlig, terwyl sy oë soos fakkels van vuur was, en sy arms en voete soos gepoleerde brons geskitter het.

Sterre

Daniël 12:3: Die verstandiges sal skyn soos die glans van die hemelkoepel, en hulle wat baie gelei het tot regverdig optrede, sal skyn soos die sterre – vir altyd en altyd.

5: Hoe is "Heerser oor die nasies" aan die Ou Testament ontleen?

Psalm 59:6: U, **HERE** God, **Heerser oor alle magte**, God van Israel, staan tog op om al die nasies tot verantwoording te roep; moenie genadig wees teenoor al die bose verraaiers nie.

Jesaja 13:4 Luister! Die gedruis op die berge soos van baie manskappe! Luister! Die gedreun van koninkryke, van nasies wat byeen is! Die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, monster 'n leër vir oorlog.

Jeremia 28:14: Ja, so sê die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, die God van Israel: "n Ysterjuk lê Ek op die nekke van al hierdie nasies om Nebukadnesar, die koning van Babilonië, te dien, en hulle sal hom dien. Selfs die wilde diere gee Ek aan hom." ' ' "

Jeremia 51:58: So sê die **HERE**, **Heerser oor alle magte**: "Die dik stadsmuur van Babel sal heeltmaal afgebreek word; haar hoë poorte sal afgebrand word. Volke het hulle vermoei vir niks, en nasies vir die vuur; hulle het hulle afgesloof."

Nahum 3:5: "Dis Ek teen jou, Nineve!" is die uitspraak van die **HERE**, **Heerser oor alle magte**. "Ek sal jou some oor jou gesig oplik; Ek sal die nasies jou naaktheid laat sien, koninkryke jou skaamte.

Haggai 2:7: Ek sal al die nasies laat bewe en hulle sal kom met al hulle skatte en Ek sal hierdie huis met heerlijkheid vul,' sê die **HERE**, **Heerser oor alle magte**.

5: Hoe is "Heerser oor die nasies" aan die Ou Testament ontleen?

Sagaria 2:8: Want so sê die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, wat my ter wille van sy heerlikheid gestuur het na die nasies deur wie julle uitgebuit is: "Waarlik, wie aan julle vat, vat aan die appel van my oog."

Sagaria 8:22: Baie volke en magtige nasies sal kom om die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, in Jerusalem te raadpleeg en die HERE se guns te soek.' "So sê die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, 'Dit sal in daardie dae wees dat tien mense uit al die tale van die nasies die kled van 'n Jood gryp en vashou terwyl hulle sê: "Ons wil saam met julle gaan, want ons het gehoor God is by julle."

Sagaria 14:16: Almal wat oorbly uit al die nasies, wat opgeruk het om teen Jerusalem oorlog te maak, sal jaar ná jaar optrek om voor die Koning, die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, in aanbidding neer te buig en om die Huttefees te vier.

Maleagi 1:11: Immers, van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, is my Naam groot onder die nasies en op elke plek word reukwerk en 'n rein offer aangebied vir my Naam, want my Naam is groot onder die nasies," sê die **HERE**, **Heerser oor alle magte**.

Maleagi 1:14: "Vervloek is iemand wat bedrieg deur 'n gelofte af te lê, maar 'n verminkte dier aan die Heer offer, terwyl daar 'n manlike dier in sy kudde is. Ek is immers die groot Koning," sê die **HERE**, **Heerser oor alle magte**, "en my Naam wek ontsag by die nasies."

Maleagi 3:12 "En al die nasies sal julle gelukkig noem, omdat julle 'n begeerlike land sal wees," sê die **HERE**, **Heerser oor alle magte**.